# Graad 9 Opvoedersgids

**Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die Graad 9 KABV (CAPS) onderwerp dek:**

***Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.***

## Eenheid 6

- Aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog
- Ghetto's, arbeidskampe, doodskampe: die Holocaust

***Teen die einde van die eenheid behoort leerlinge bekend te wees met:***

1. Die term: ghetto en waarom die Nazi's ghetto's gebruik het
2. Die verskil tussen arbeids- en doodskampe
3. Die Universele Verklaring van Menseregte

In hierdie eenheid sal leerlinge die volgende behandel:

1. Hoekom die Nazi's ghetto's gebruik het, *met die fokus op isolasie, skeiding en vernedering , sowel as die gevolge daarvan op die inwoners van die ghetto's.*
2. Die verskil tussen arbeids-en doodskampe: *hoe die Nazi's van beide gebruik gemaak het.*
3. Die Universele Verklaring van Menseregte: *Hoekom die verklaring noodsaaklik was en watter lande nie die verklaring onderteken het nie*.

Punte kan toegeken word aan die hieropvolgende vrae. Voorgestelde totale word hieronder ingesluit. As onderwyser is jy egter vry om jou eie puntetoekenning aan te wys gebaseer op jou leeruitkomste. Die vrae kan ook gebruik word vir hersiening en uitbreidingswerk.

**Vrae en Voorgestelde Antwoorde (15 punte)**

1. **Hoekom het die Nazi's die Joodse gemeenskappe in ghetto's geplaas? Wat het hulle gehoop om hiermee te bereik?**

   Die Nazi's het die Jode in hierdie afgebakende areas geplaas om sodoende hul vryheid van beweging in te perk en te kontroleer. In die proses het hulle ook die Joodse gemeenskap van die res van die bevolking geskei en geïsoleer. (4)

2. ***Wat het die Nazi's besluit om met die Joodse gemeenskappe te doen met die inwyding van die Sowjet-unie?***

   Hulle het besluit om alle Joodse mans, vrouens en kinders te vermoor in plaas van hulle in ghetto's te plaas. (1)

3. ***Wat was die "Einsatzgruppen"?***

   Die Einsatzgruppen was mobiele Nazi-moordeenhede wat beveel was om lede van die plaaslike bevolking (insluitende alle Jode) in verowerde gebiede te vermoor. (2)

4. ***By die Wannsee-konferensie besluit die Nazi's om moord op 'n industriële basis uit te voer. Hulle sou al die Jode regoor die verowerde gebiede na die doodskampe vervoer en dan vermoor. Hoekom het hulle al die doodskampe in Pole gebou?***

   Hulle wou nie die Duitse bevolking bewus maak van wat hulle besig was om te doen nie, m.a.w. die Nazi's het hul gruweldade weggesteek van hul landsburgers. (2)

5. ***In hierdie eenheid praat ons van doodskampe en nie ''uitwissingsentrums'' soos beskryf deur die Nazi's nie.Hoekom dink jy word hierdie term gebruik(doodskampe) i.p.v. ''uitwissingsentrums''?***

   Die term ''uitwissing'' verwys gewoonlik na die doodmaak van ongediertes soos rotte of kakkerlakke. Die Nazi's het hierdie term gebruik aangesien hulle hul slagoffers verder wou verontmenslik. Alhoewel hulle mense vermoor het, het hulle dit as verwydering van pestilensies beskou om dit te regverdig. (3)

6. ***Hoekom, dink jy, het Suid-Afrika geweier om die Universele Verklaring van Menseregte in 1948 te onderteken?***

   Suid-Afrika se regering, onder die Nasionale Party, het rassistiese praktyke in die land gewettig. Die Apartheidswette het alle menseregte geskend, in teenstelling met die bepalings van die Universele Verklaring van Menseregte. Hulle kon dus nie die verklaring onderteken nie. (3)

## Verryking

**Klasbespreking**:

Dink jy dat die volgende stellings aanvaarbare redes is , nie net vir die pleging van gruweldade nie, maar ook om vrywaar te word van die gevolge van die skending van menseregte en ander onaanvaarbare aksies en gedragspatrone?

- ‘’Ek het net bevele uitgevoer.’’
- ‘’ Ek het maar net gedoen wat alle ander mense op daardie tydstip gedoen het.’’

**HULPBRONNE**

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org

https://www.yadvashem.org/holocaust/about/ghettos/daily-life.html
https://www.yadvashem.org/holocaust/about/ghettos/warsaw.html
https://www.yadvashem.org/holocaust/about/final-solution/auschwitz.html?gclid=Cj0KCQiAlsv_BRDtARIsAHMGVSav5WI7mkoJrscXCphGoTWPLLpU6pqEyLQt9-_Ig6IKpUgYcz0ifSQaAoArEALw_wcB

ushmm.org

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/ghettos
https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/life-in-the-ghettos
https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/nazi-camps
https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/auschwitz